[2]

ATT


# — BOERESTAAT PARTY —


*Posbus 3456*

*RANDBURG*

*2125*

*Tel (011) 708 – 1988*


*'..... Eer ons 27 000 vroue en kindertjies .....'*  *'..... Roem in die sege van ons dapp - res ..'*

15 Mei 1992.

PERSVERKLARING: KODESA

Uit vrees vir die ware eienaars van die Boerestaat (Transvaal, OVS en Vryheid) nl. die Boere, is die terrein by Kodesa so afgesper dat 'n Boerestaat perskonferensie nie daar gehou kon word nie.

Om daardie rede word die volgende persverklaring deur die Dagbestuur van die Boerestaat Party uitgereik.

1) Die Boere beskou die hele Kodesa-beraad as onwettig. Die grond waarop hulle beraad hou is Boeregrond en die buitestaanders wat die beraad opmaak het geen reg om oor ons grond te besluit nie.

2) Die Boerevolk sal hom gladnie beerlê by Kodesa-besluite nie en sal soos Kroasië, Slowene, Bosnië, Oekraiene, Georgië, Estland, Letland, Koerdistan en vele ander lande veg vir die herstel van ons Boere vryheid.

3) Die inwerkstelling van 'n nuwe grondwet deur die referendum swendelary en Kodesa sal effektief die Boerevolk ontkieser in die sg. nuwe Suid-Afrika. Ons sal nie 5% van die setels in die Kaapse parlement kan verower nie en die demokratiese weg, om deur die stembus ons volksvryheid te herstel, word ons ontneem. In die toekoms sal daar nie meer 'n stembusstryd gevoer word nie maar 'n volkstryd wat in samewerking met die Boere in die weermag, polisie en staatsdiens georganiseer sal word.

4) Die regering en Kodesa lê vandag die fondamente vir 'n burgeroorlog.

Robert van Tonder     Leier.

*DIE KAMPE*

*TRANSVAAL*

*Balmoral*
*Barberton*
*Belfast*
*Heidelberg*
*Irene*
*Johannesburg*
*Klerksdorp*
*Krugersdorp*
*Mafeking*
*Meintjeskop*
*Middelburg*
*Nylstroom*
*Pietersburg*
*Potchefstroom*
*Standerton*
*Vd Hoversdrif*
*Vereeniging*
*Volksrust*
*Vryburg*

*VRYSTAAT*

*Aliwal Noord*
*Bethulie*
*Bloemfontein*
*Brandfort*
*Harrismith*
*Heilbron*
*Kimberley*
*Kroonstad*
*Norvals Pont*
*Oranjerivier*
*Springfontein*
*Vredefortweg*
*Winburg*
*Kromelleboog*
*Ladybrand*
*Kabusi*
*Oos Londen*
*Uitenhage*

*NATAL*

*Colenso*
*Eshowe*
*Howick*
*Jacobs*
*Ladysmith*
*Merebank*
*PMburg*
*Pinetown*
*Wentworth*

*Vegkop*
*Mosega*
*Kapain*
*Bloedrivier*
*Boomplaats*
*Bronkhorstspruit*
*Laingsnek*
*Majuba*
*Doornkop*
*Talana*
*Witrand*
*Dundee*
*Rietfontein*
*Stormberg*
*Modderspruit*
*Lombardskop*
*Nicholsonsnek*
*Willow Grange*
*Belmont*
*Scheepersnek*
*Graspan*
*Modderrivier*
*Tweerliviere*
*Magersfontein*
*Colenso*
*Platrand*
*Spioenkop*
*Vaalkrans*
*Mostertshoek*
*Sannaspos*
*Donkerhoek*
*Dalmanutha*
*Tweebosch*
*Silkaatsnek*
*Ystersprult*
*Wyzfontein*
*Nooitgedacht*
*Tabaksberg*
*Tweefontein*
*Bakenlaagte*
*Helvetia*
*Driefontein*
*Moedwil*

*Vryheid aan alle volke van Suidelike Afrika ....... óók aan die Boerevolk!*